

# WET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID 85 VAN 1993

[GOEDGEKEUR OP 23 JUNIE 1993]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 JANUARIE 1994]

(behalwe a. 1 (3) (b): sal geproklameer word)

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)

## soos gewysig by

Wysigingswet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 181 van 1993

Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995

## WET

Om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoeusting en masjinerie; die beskerming van ander persone as persone by die werk teen bedreigings vir gesondheid en veiligheid wat ontstaan uit of in verband met die bedrywighede van persone by die werk; 'n adviesraad vir beroepsgesondheid en veiligheid in te stel; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

### 1 Woordomskrywing

(1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

**"beampte"** 'n beampte of werknemer soos omskryf in artikel 1 (1) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet 111 van 1984);

**"bedreiging"** 'n bron van of blootstelling aan gevaar;

**"bedryfstoeusting"** ook vaste toebehore, bybehore, implemente, toerusting, gereedskap en toestelle, en enigiets wat vir enige doeleinde in verband met sodanige bedryfstoeusting gebruik word;

**"behoorlik gebruik"** met redelike versigtigheid gebruik, en met inagneming van enige inligting, instruksie of advies wat deur die ontwerper, vervaardiger, invoerder, verkoper of voorsiener verskaf is;

**"beloning"** enige betaling in kontant of in *natura* of in sowel kontant as *natura*, aan iemand gedoen of verskuldig na aanleiding van die diens van so iemand;

**"beroepsgeneeskunde"** die voorkoming, diagnose en behandeling van siekte, besering en nadelige effekte op die gesondheid wat geassosieer word met 'n bepaalde soort werk;

**"beroepsgeneeskundige"** 'n geneesheer soos omskryf in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepse, 1974 (Wet 56 van 1974), wat beskik oor 'n kwalifikasie in beroepsgeneeskunde of 'n

ekwivalente kwalifikasie welke kwalifikasie of ekwivalent as sodanig deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheekkundige Raad in genoemde Wet bedoel, erken word;

**"beroepsgesondheid"** ook beroepshigiène, beroepsgeneeskunde en biologiese monitering;

**"beroepsgesondheidspraktisyn"** 'n beroepsgeneeskundige of 'n persoon wat beskik oor 'n kwalifikasie in beroepsgesondheid wat as sodanig erken word deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheekkundige Raad soos bedoel in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), of die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging soos bedoel in die Wet op Verpleging, 1978 (Wet 50 van 1978);

**"beroepshigiène"** die antisipasie, herkenning, evaluering en kontrolering van toestande wat ontstaan in of vanuit die werkplek en wat siekte of 'n nadelige effek op die gesondheid van persone kan veroorsaak;

**"biologiese monitering"** 'n beplande program van periodieke versameling en ontleding van liggaamsvloei-stowwe, weefsels, ekskreta of uitgeasemde lug ten einde die blootstelling aan of absorpsie van enige substansie of organisme in persone vas te stel en te kwantifiseer;

**"Departement"** die Departement van Mannekrag;

**"diens"** of **"in diens"** diens of in diens as 'n werknemer;

**"ernstige voorval"** 'n gebeurtenis van ramspoedige afmetings, wat voortspruit uit die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie of uit bedrywighede by 'n werkplek;

**"gebou"** ook-

- (a) 'n struktuur wat aan die grond geheg is;
- (b) 'n gebou of so 'n struktuur of gedeelte daarvan wat in die proses van oprigting is; of
- (c) enige voorafvervaardigde gebou of struktuur wat nie aan die grond geheg is nie;

**"gebruiker"**, met betrekking tot bedryfstoeusting of masjinerie, die persoon wat bedryfstoeusting of masjinerie vir sy eie voordeel gebruik of wat beheer oor die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie het, maar nie ook 'n verhuurder van, of enige persoon in diens in verband met, daardie bedryfstoeusting of masjinerie nie;

**"gelyste werk"** werk wat kragtens artikel 11 tot gelyste werk verklaar is;

**"gesond"** vry van siekte of besering te wyte aan beroepsoorsake;

**"gesondheids- en veiligheidskomitee"** 'n komitee wat kragtens artikel 19 ingestel is;

**"gesondheids- en veiligheidstandaard"** 'n standaard, ongeag of dit regs krag het of nie, wat na die oordeel van die Minister by die toepassing daarvan vir die doeleindes van hierdie Wet die bereiking van 'n oogmerk van hierdie Wet sal bevorder;

**"gesondheids- en veiligheidstoerusting"** enige artikel of deel daarvan wat vervaardig, voorsien of geïnstalleer is in die belang van die gesondheid of veiligheid van enige persoon;

**"gesondheids- en veiligheidsverteenvoerder"** 'n persoon ingevolge artikel 17 (1) aangewys;

**"gevaar"** enigiets wat besering of skade aan 'n persoon of eiendom kan veroorsaak;

**"goedgekeurde inspeksie-owerheid"** 'n inspeksie-owerheid deur die hoofinspekteur goedgekeur: Met dien verstande dat 'n inspeksie-owerheid wat deur die hoofinspekteur met betrekking tot enige bepaalde diens goedgekeur is, slegs met betrekking tot daardie diens 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid is;

**"hierdie Wet"** ook 'n regulasie;

**"hoërisiko-installasie"** 'n installasie-

(a) waar meer as die voorgeskrewe hoeveelheid van 'n substansie op die perseel daarvan aangehou word of aangehou kan word, hetsy permanent of tydelik; of

(b) waar 'n substansie in sodanige vorm en hoeveelheid geproduseer, geprosesseer, gebruik, gehanteer of opgeberg word dat dit die potensiaal het om 'n ernstige voorval te veroorsaak;

**"hoofinspekteur"** die beampte kragtens artikel 27 as hoofinspekteur aangewys, en ook 'n beampte wat as hoofinspekteur waarneem;

**"hoof- uitvoerende beampte"**, met betrekking tot 'n regspersoon of 'n onderneming wat deur die Staat bedryf word, die persoon wat vir die algehele bestuur en beheer van die besigheid van so 'n regspersoon of onderneming verantwoordelik is;

**"inspeksie-owerheid"** 'n persoon wat met behulp van gespesialiseerde kennis of toerusting, of na die ondersoek, toetse, monsterneming of ontleding wat hy

nodig vind, en hetsy teen vergoeding of andersins, 'n diens lewer deur spesiale bevindings te maak wat objektiewe bevindings heet te wees, betreffende-

- (a) die gesondheid van enige persoon;
- (b) die veiligheid of risiko vir die gesondheid van enige werk, artikel, substansie, bedryfstoerusting of masjinerie, of van 'n toestand wat op of in 'n perseel voorkom; of
- (c) die vraag of enige spesifieke standaard nagekom is of nagekom word ten opsigte van enige werk, artikel, substansie, bedryfstoerusting of masjinerie, of ten opsigte van werk of 'n toestand wat op of in enige perseel voorkom, of ten opsigte van enige ander aangeleentheid, en 'n sertifikaat waarin sodanige bevindings vermeld word aan die persoon aan wie die diens gelewer word, uit te reik;

**"inspekteur"** 'n persoon kragtens artikel 28 aangewys;

**"kantoor"** 'n kantoor soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet 3 van 1983);

**"lashebber"** ook 'n agent, 'n kontrakteur of subkontraakteur vir werk, maar sonder om afbreuk te doen aan sy status as 'n werkgewer of gebruiker in eie reg;

**"masjinerie"** enige artikel of kombinasie van artikels wat aanmekaargesit, ingerig of verbind is en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die omskepping van enige vorm van energie om werk te verrig, of wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word, hetsy dit bykomend daarby is al dan nie, vir die ontwikkeling, ontvangs, opberging, insluiting, inperking, omvorming, geleiding, oordra of beheer van enige vorm van energie;

**"mediese waaktoesig"** 'n beplande program van periodieke ondersoeke (wat kliniese ondersoeke, biologiese monitering en mediese toetse kan insluit) van werknemers deur 'n beroepsgesondheidspraktisyn of, in voorgeskrewe gevalle, deur 'n beroepsgeneeskundige;

**"Minister"** die Minister van Mannekrag;

**"nywerheidshof"** die nywerheidshof bedoel in artikel 17 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet 28 van 1956);

**"ontploffbare stowwe"** enige substansie of artikel gelys in Klas I: Ontploffbare Stowwe in die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se Gebruikskode vir die Identifikasie en Klassifikasie van Gevaarlike Substanse en Goedere, SABS 0228;

**"organisme"** enige biologiese entiteit wat siekte by die mens kan veroorsaak;

**"perseel"** ook 'n gebou, voertuig, vaartuig, trein of lugvaartuig;

**"plaaslike owerheid"**-

- (a) 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961);
- (b) 'n streeksdiensteraad ingestel kragtens artikel 3 van die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet 109 van 1985);
- (c) enige ander instelling of liggaam of die bekleër van die een of ander amp wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* vir die doeleindes van hierdie Wet tot 'n plaaslike owerheid verklaar;

**"Raad"** die Adviesraad vir Beroepsgesondheid en Veiligheid by artikel 2 ingestel;

**"redelikerwys uitvoerbaar"** uitvoerbaar met inagneming van-

- (a) die ernstigheidsgraad en omvang van die betrokke bedreiging of risiko;
- (b) die stand van geredelik beskikbare kennis betreffende daardie bedreiging of risiko en van enige metode om die bedreiging of risiko te verwyder of te verminder;
- (c) die beskikbaarheid en geskiktheid van metodes om daardie bedreiging of risiko te verwyder of te verminder; en
- (d) die koste daaraan verbonde om daardie bedreiging of risiko te verwyder of te verminder in verhouding tot die voordele wat daaruit voortspruit;

**"regulasie"**, 'n regulasie kragtens artikel 43 uitgevaardig;

**"risiko"** die waarskynlikheid dat 'n besering of skade sal plaasvind;

**"standaard"** enige bepaling wat voorkom-

- (a) in 'n spesifikasie, verpligte spesifikasie, gebruikskode of standaardmetode soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet 29 van 1993); of
- (b) in 'n spesifikasie, kode of enige ander voorskrif wat standaardisering ten doel het en wat uitgereik is deur 'n instelling of organisasie binne of buite die Republiek wat, hetsy in die algemeen of met betrekking tot enige bepaalde artikel of aangeleentheid en hetsy internasionaal of in 'n bepaalde land of gebied, hom vir die bevordering van standaardisering beywer;

**"substansie"** ook 'n vaste stof, vloeistof, damp, gas of aërosol, of kombinasie daarvan;

**"vakvereniging"** 'n vakvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet 28 van 1956);

[Omskrywing van "vakvereniging" ingevoeg by a. 1 (a) van Wet 181 van 1993.]

**"veilig"** vry van enige bedreiging;

**"verkoop"** ook-

- (a) vir verkoop aanbied of uitstal of vir verkoop in die Republiek invoer; of
- (b) verruil, skenk of verhuur of vir verhuring aanbied of uitstal;

**"voorgeskryf"** by regulasie voorgeskryf;

**"voorval"** 'n voorval in artikel 24 (1) beoog;

**"werk"** werk as 'n werknemer of as 'n persoon in eie diens, en vir dié doel word 'n werknemer geag te werk gedurende die tyd wat hy in die loop van sy diens is, en word 'n persoon in eie diens geag te werk gedurende die tyd wat hy wy aan werk as 'n persoon in eie diens;

**"werkgewer"**, behoudens die bepalings van subartikel (2), enige persoon wat iemand in diens het of aan hom werk verskaf en wat daardie persoon beloon of uitdruklik of stilswyend onderneem om hom te beloon, maar nie ook 'n arbeidsmakelaar soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet 28 van 1956), nie;

**"werkgewersorganisasie"** 'n werkgewersorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet 28 van 1956);  
[Omskrywing van "werkgewersorganisasie" ingevoeg by a. 1 (b) van Wet 181 van 1993.]

**"werknemer"**, behoudens die bepalings van subartikel (2), 'n persoon wat in diens is by of werk vir 'n werkgewer en 'n beloning ontvang of geregtig is om dit te ontvang of wat onder die aanwysing of toesig van 'n werkgewer of enige ander persoon werk;

**"werkplek"** 'n perseel of plek waar 'n persoon werk in die loop van sy diens verrig;

**"winkel"** 'n winkel soos omskryf in artikel 1 (1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet 3 van 1983).

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat 'n persoon wat behoort tot 'n kategorie persone in die kennisgewing vermeld by die toepassing van hierdie Wet of 'n bepaling daarvan geag word 'n werknemer te wees, en daarop word iemand wat beklee en belas is met die beheer en toesig oor bedoelde persoon, by sodanige toepassing geag die werkgewer van daardie persoon te wees.

(3) Hierdie Wet is nie van toepassing nie ten opsigte van-

- (a) 'n myn, 'n mynterrein of 'n bedryf soos omskryf in die Mineralewet, 1991

(Wet 50 van 1991), behalwe vir sover daardie Wet anders bepaal;

- (b) enige laslynskip (met inbegrip van 'n skip wat beskik oor 'n laslynvrystellingsertifikaat), vissersboot, robbevaarder en walvisvaarder soos omskryf in artikel 2 (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), of enige drywende hyskraan, hetsy sodanige skip, boot, vaarder of hyskraan binne of buite die water binne enige hawe in die Republiek of binne die territoriale waters daarvan is, of nie,  
[Datum van inwerkingtreding van par. (b): sal geproklameer word.]

of ten opsigte van enige persoon wat op of in enige sodanige myn, mynterrein, bedryf, skip, boot, vaarder of hyskraan aanwesig is.

## **2 Instelling van Adviesraad vir Beroepsgesondheid en Veiligheid**

Hierby word 'n Adviesraad vir Beroepsgesondheid en Veiligheid ingestel.

## **3 Werksaamhede van Raad**

(1) Die Raad moet-

- (a) die Minister van advies dien betreffende-
  - (i) beleidsake wat ontstaan uit of in verband met die toepassing van die bepalings van hierdie Wet;
  - (ii) enige aangeleentheid rakende beroepsgesondheid en veiligheid;
- (b) die werksaamhede verrig wat by hierdie Wet aan hom opgedra is of deur die Minister na hom verwys word.

(2) Die Raad kan-

- (a) met die oog op die verrigting van sy werksaamhede die navorsing doen en ondersoeke onderneem wat hy nodig ag;
- (b) reëls maak in verband met die belê van vergaderings van die Raad, die bepaling van 'n kworum vir en die prosedure by sulke vergaderings en in die algemeen betreffende alle aangeleenthede wat nodig is vir die doeltreffende uitoefening van die werksaamhede van die Raad of, behoudens artikel 6, van 'n tegniese komitee;
- (c) die Departement adviseer betreffende-
  - (i) die opstel en publikasie van standarde, spesifikasies of ander vorme van voorligting ten einde werkgewers, werknemers en gebruikers behulpsaam te wees om geskikte standarde van

- beroeppsgesondheid en veiligheid te handhaaf;
- (ii) die bevordering van opvoeding en opleiding in beroepsgesondheid en veiligheid; en
- (iii) die insameling en verspreiding van inligting oor beroepsgesondheid en veiligheid.

(3) Die Raad kan vir die doeleindes van die verrigting van enige van sy werksaamhede met die goedkeuring van die Minister en met die instemming van die Minister van Staatsbesteding 'n ooreenkoms aangaan vir die verrigting van 'n bepaalde handeling of bepaalde werk of vir die lewering van 'n bepaalde diens, op die voorwaardes en teen die beloning waarop ooreengekom word, met enigiemand wat na die mening van die Raad geskik is om sodanige handeling of werk te verrig of sodanige diens te lewer.

(4) Behoudens die wette op die Staatsdiens voorsien die Minister die Raad van die personeel wat hy nodig ag vir die doeltreffende verrigting van die werksaamhede van die Raad, en sodanige persone verrig hul werksaamhede onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die hoofinspekteur.

#### 4 Samestelling van Raad

1) Die Raad bestaan uit 20 lede, naamlik-

- (a) die hoofinspekteur, *ex officio*, wat die voorsitter is;
- (b) een beampte wat by die Departement in diens is;
- (c) die Ongevallekommissaris, of sy genomineerde;
- (d) een persoon benoem deur die Minister vir Nasionale Gesondheid en Welsyn;
- (e) een persoon benoem deur die Minister van Mineraal- en Energiesake;
- (f) ses persone, uit 'n lys van die name van persone deur werkgewersorganisasies of federasies van werkgewersorganisasies benoem, om werkgewersbelange te verteenwoordig;

[Par.(f) vervang by a. 2 van Wet 181 van 1993.]

- (g) ses persone, uit 'n lys van die name van persone deur vakverenigings of federasies van vakverenigings benoem, om werknemersbelange te verteenwoordig;

[Par. (g) vervang by a. 2 van Wet 181 van 1993.]

- (h) een persoon wat na die mening van die Minister kennis het van aangeleenthede rakende beroepsveiligheid;
- (i) een persoon wat na die mening van die Minister kennis het van beroepsgeneeskunde en wat deur die Minister vir Nasionale Gesondheid en Welsyn aanbeveel is;
- (j) een persoon wat na die mening van die Minister kennis het van beroepshigiëne.



- 2) Die lede in subartikel (1) (b) tot en met (j) bedoel, word deur die Minister aangestel.

## **5 Ampstermyn en besoldiging van lede van Raad**

- (1) Die lede van die Raad in artikel 4 (2) bedoel, word aangestel vir 'n tydperk van drie jaar, en op die voorwaardes wat die Minister met die instemming van die Minister van Staatsbesteding bepaal.
- (2) Iemand wie se ampstermyn as lid van die Raad verstryk het, kan weer aangestel word.
- (3) Aan 'n lid bedoel in artikel 4 (1) (f), (g), (h), (i) of (j) wat nie 'n beampte is nie kan daar uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig die toelaes betaal word wat die Minister met die instemming van die Minister van Staatsbesteding bepaal.

## **6 Instelling van tegniese komitees van Raad**

- (1) Die Raad kan met die goedkeuring van die Minister een of meer tegniese komitees instel ten einde die Raad te adviseer aangaande enige aangeleentheid betreffende die verrigting deur die Raad van sy werksaamhede.
- (2) 'n Lid van 'n tegniese komitee word deur die Raad aangewys vanweë sy kennis van die aangeleentheid waarvoor die komitee ingestel word, en so 'n lid hoef nie 'n lid van die Raad te wees nie.
- (3) 'n Vergadering van 'n tegniese komitee word gehou op 'n tyd en plek wat die voorsitter van die Raad bepaal, en volgens reëls deur die Raad goedgekeur.
- (4) Aan 'n lid van 'n tegniese komitee wat nie 'n beampte is nie kan daar uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig die toelaes betaal word wat die Minister met die instemming van die Minister van Staatsbesteding bepaal.

## **7 Gesondheids- en veiligheidsbeleid**

- (1) Die hoofinspekteur kan-
- (a) enige werkgewer skriftelik; en
- (b) enige kategorie van werkgewers by kennisgewing in die *Staatskoerant*, gelas om 'n skriftelike beleid betreffende die beskerming van die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk, met inbegrip van 'n uiteensetting van sy organisasie en die reëlins vir die uitvoering en hersiening van daardie beleid, op te stel.

- (2) 'n Lasgewing kragtens subartikel (1) gaan vergesel van riglyne betreffende die inhoud van bedoelde beleid.
- (3) 'n Werkgewer moet 'n afskrif van die beleid in subartikel (1) bedoel, wat deur die hoof- uitvoerende beamppte onderteken is, prominent vertoon in die werkplek waar sy werknemers normaalweg vir diens aanmeld.

## **8 Algemene pligte van werkgewers teenoor hul werknemers**

- (1) Elke werkgewer moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, 'n werkomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers is, tot stand bring en onderhou.
- (2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van 'n werkgewer se pligte ingevolge subartikel (1), sluit die aangeleenthede waarop daardie pligte betrekking het in besonder in-
  - (a) die verskaffing en instandhouding van stelsels van werk, bedryfstoeusting en masjinerie wat, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, veilig en sonder gesondheidsrisiko's is;
  - (b) om die stappe te doen wat redelikerwys uitvoerbaar is om enige bedreiging of potensiële bedreiging vir die gesondheid of veiligheid van werknemers, te verwyder of te verminder voordat daar van persoonlike beskermende toerusting gebruik gemaak word;
  - (c) die tref van reëlings om veiligheid en afwesigheid van gesondheidsrisiko's vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, te verseker ten opsigte van die produksie, prosessering, gebruik, hantering, opberging of vervoer van artikels of substansies;
  - (d) om vas te stel, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, watter bedreigings vir die gesondheid of veiligheid van persone verbonde is aan enige werk wat verrig word, enige artikel of substansie wat geproduseer, geprosesseer, gebruik, gehanteer, opgeberg of vervoer word en enige bedryfstoeusting of masjinerie wat in sy onderneming gebruik word, en hy moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, verder vasstel watter voorsorgmaatreëls getref moet word ten opsigte van sodanige werk, artikel, substansie, bedryfstoeusting of masjinerie ten einde die gesondheid en veiligheid van persone te beskerm, en hy moet die nodige middele voorsien om sodanige voorsorgmaatreëls te tref;
  - (e) die verskaffing van die inligting, instruksies, opleiding en toesig wat nodig is om, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die gesondheid en veiligheid van sy werknemers by die werk te verseker;
  - (f) vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, om nie toe te laat dat 'n werknemer enige werk doen of enige artikel of substansie produseer, prosesseer, gebruik, hanteer, opberg of vervoer of enige

bedryfstoerusting of masjinerie bedien nie, tensy die voorsorgmaatreëls in paragrawe (b) en (d) beoog of enige ander voorsorgmaatreëls wat voorgeskryf is, getref is;

- (g) om alle redelike stappe te doen om te verseker dat die vereistes van die Wet nagekom word deur elke persoon in sy diens of op persele onder sy beheer waar bedryfstoerusting of masjinerie gebruik word;
- (h) om die maatreëls af te dwing wat nodig is in belang van gesondheid en veiligheid;
- (i) om te verseker dat werk verrig word en bedryfstoerusting of masjinerie gebruik word onder die algemene toesig van 'n persoon wat opgelei is om die bedreigings verbonde daaraan te verstaan, en wat die bevoegdheid het om te verseker dat voorsorgmaatreëls deur die werkgewer getref, geïmplementeer word; en
- (j) om alle werknemers in te lig aangaande die omvang van hul bevoegdheid soos beoog by artikel 37 (1) (b).

## **9 Algemene pligte van werkgewers en persone in eie diens teenoor persone wat nie hul werknemers is nie**

- (1) Elke werkgewer moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, sy onderneming op so 'n wyse bedryf dat persone wat nie in sy diens is nie en wat regstreeks geraak word deur sy bedrywighede, nie daardeur aan bedreigings vir hul gesondheid of veiligheid blootgestel word nie.
- (2) Elke persoon in eie diens moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, sy onderneming op so 'n wyse bedryf dat hy en ander persone wat regstreeks geraak word deur sy bedrywighede, nie daardeur aan bedreigings vir hul gesondheid of veiligheid blootgestel word nie.

## **10 Algemene pligte van vervaardigers en andere betreffende artikels en substansies vir gebruik by werk**

- (1) Iemand wat 'n artikel ontwerp, vervaardig, invoer, verkoop of verskaf vir gebruik by die werk moet verseker, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, dat die artikel veilig en sonder gesondheidsrisiko's is wanneer dit behoorlik gebruik word en dat dit aan alle voorgeskrewe vereistes voldoen.
- (2) Iemand wat 'n artikel op of in enige perseel oprig of installeer vir gebruik by die werk, moet verseker, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, dat niks ten opsigte van die wyse waarop dit opgerig of geïnstalleer word, dit onveilig maak of 'n gesondheidsrisiko skep wanneer dit behoorlik gebruik word nie.
- (3) Iemand wat 'n substansie vervaardig, invoer, verkoop of verskaf vir gebruik by die werk moet-

- (a) verseker, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, dat die substansie veilig en sonder gesondheidsrisiko's is wanneer dit behoorlik gebruik word; en
  - (b) die stappe doen wat nodig is om te verseker dat inligting beskikbaar is betreffende die gebruik van die substansie by die werk, die veiligheids- en gesondheidsrisiko's wat geassosieer word met sodanige substansie, die voorwaardes wat nodig is om te verseker dat die substansie veilig en sonder gesondheidsrisiko's is wanneer dit behoorlik gebruik word en die prosedures wat gevolg moet word in die geval van 'n ongeluk waarby sodanige substansie betrokke is.
- (4) Waar iemand 'n artikel of substansie ontwerp, vervaardig, invoer, verkoop of verskaf vir of aan 'n ander persoon en daardie ander persoon onderneem skriftelik om bepaalde stappe te doen wat voldoende is om te verseker, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, dat die artikel of substansie aan alle voorgeskrewe vereistes sal voldoen en veilig en sonder gesondheidsrisiko's sal wees wanneer dit behoorlik gebruik word, het die onderneming die effek om eersgenoemde persoon te onthef van die plig deur hierdie artikel op hom gelê in die mate wat redelik is met inagneming van die bepalings van die onderneming.

## 11 Gelyste werk

- (1) Die Minister kan, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige werk, onder die toestande of omstandighede gespesifiseer in die kennisgewing, tot gelyste werk verklaar.
- (2) (a) Voordat die Minister 'n werk tot gelyste werk verklaar, moet hy 'n konsep van sy voorgenome kennisgewing in die *Staatskoerant* laat publiseer en terselfdertyd belanghebbende persone uitnooi om kommentaar en vertoë in verband met die voorgenome kennisgewing, binne 'n vermelde tydperk skriftelik aan hom voor te lê.
- (b) 'n Tydperk van minstens drie maande moet verstryk tussen die publikasie van die konsepkennisgewing en die kennisgewing kragtens subartikel (1).
- (3) Die bepalings van subartikel (2) is nie van toepassing nie-
- (a) indien die Minister as gevolg van kommentaar en vertoë wat ingevolge subartikel (2) (a) ontvang is, besluit om die kennisgewing in subartikel (1) bedoel in 'n gewysigde vorm te publiseer; en
  - (b) op 'n verklaring ingevolge subartikel (1) ten opsigte waarvan die Minister van mening is dat die openbare belang vereis dat dit onverwyld gedoen word.
- (4) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1) kan te eniger tyd by dergelike kennisgewing gewysig of herroep word.

## 12 Algemene pligte van werkgewers ten opsigte van gelyste werk

- (1) Behoudens die maatreëls wat voorgeskryf word, moet elke werkgewer wie se werknemers gelyste werk verrig of moontlik blootgestel kan word aan bedreigings wat uit gelyste werk voortspruit, na oorleg met die gesondheids- en veiligheidskomitee ingestel vir daardie werkplek-
  - (a) die bedreigings identifiseer en 'n beraming maak van die risiko's verbonde aan sodanige werk wat vir die gesondheid van die werknemers 'n bedreiging inhou en van die stappe wat gedoen moet word om aan die bepalings van hierdie Wet te voldoen;
  - (b) vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, die blootstelling van daardie werknemers aan die betrokke bedreigings voorkom of, waar voorkoming nie redelikerwys uitvoerbaar is nie, sodanige blootstelling tot die minimum beperk; en
  - (c) met inagneming van die aard van die risiko's verbonde aan sodanige werk en die vlak van blootstelling van die werknemers aan die bedreigings, 'n beroepshigiëneprogram en biologiese monitering uitvoer en daardie werknemers aan mediese waaktoesig onderwerp.
- (2) Elke werkgewer in subartikel (1) bedoel, moet die gesondheids- en veiligheidsverteenvoordigers wat vir hulle werkplekke of afdelings van die werkplekke aangewys is, ingelig hou oor die optrede wat kragtens subartikel (1) in daardie werkplekke of afdelings daarvan plaasgevind het en oor die resultate van daardie optrede: Met dien verstande dat individuele resultate van biologiese monitering en mediese waaktoesig wat verband hou met die werk van die werknemer, slegs met die skriftelike toestemming van die werknemer aan iemand anders as 'n inspekteur, die werkgewer of die betrokke werknemer beskikbaar gestel word.

## 13 Plig om in te lig

Sonder om afbreuk te doen aan enige bepaalde plig wat 'n werkgewer deur hierdie Wet opgelê word, moet elke werkgewer-

- (a) sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, toesien dat elke werknemer vertrouwd gemaak word met die bedreigings ten opsigte van sy gesondheid en veiligheid verbonde aan enige werk wat hy moet verrig, enige artikel of substansie wat hy moet produseer, prosesseer, gebruik, hanteer, opberg of vervoer en enige bedryfstoeusting of masjinerie wat van hom verwag word of wat hy toegelaat word om te gebruik, asook met die voorsorgmaatreëls wat getref en nagekom moet word ten opsigte van daardie bedreigings;
- (b) die betrokke gesondheids- en veiligheidsverteenvoordigers vooraf inlig ten opsigte van inspeksies, ondersoeke of formele ondersoeke waarvan hy deur 'n inspekteur in kennis gestel is, en van enige aansoek om

- vrystelling ingevolge artikel 40 deur hom gedoen; en
- (c) 'n gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger so gou as wat dit redelikerwys uitvoerbaar is, inlig ten opsigte van die voorkoms van 'n voorval in die werkplek of afdeling van die werkplek waarvoor daardie verteenwoordiger aangewys is.

#### **14 Algemene pligte van werknemers by werk**

Elke werknemer moet by die werk-

- (a) redelike sorg dra vir sy eie veiligheid en gesondheid en dié van ander persone wat geraak mag word deur sy optrede of versuim;
- (b) vir sover hierdie Wet enige plig oplê of vereiste stel aan sy werkgever of enige ander persoon, met daardie werkgever of ander persoon saamwerk om dit moontlik te maak dat die plig of vereiste uitgevoer of nagekom word;
- (c) 'n wettige opdrag wat aan hom gegee is, uitvoer, en die gesondheids- en veiligheidsreëls en -prosedures wat voorgeskryf is deur sy werkgever of iemand deur die werkgever daartoe gemagtig in die belang van gesondheid of veiligheid gehoorsaam;
- (d) indien 'n toestand wat onveilig of ongesond is, onder sy aandag kom, so gou moontlik sodanige toestand aanmeld by sy werkgever, of by die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger vir sy werkplek of afdeling daarvan, na gelang van die geval, wat dit by die werkgever moet aanmeld; en
- (e) indien hy betrokke is by 'n voorval wat sy gesondheid kan beïnvloed of wat 'n besering aan homself veroorsaak het, daardie voorval so gou as moontlik maar nie later nie as die einde van 'n bepaalde skof waartydens die voorval plaasgevind het by sy werkgever of iemand deur die werkgever daartoe gemagtig of sy gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger aanmeld, tensy die omstandighede van so 'n aard was dat die aanmelding van die voorval nie moontlik was nie, in welke geval hy die voorval so gou moontlik daarna moet aanmeld.

#### **15 Plig om nie met voorwerpe in te meng of dit te beskadig of te misbruik nie**

Niemand mag opsetlik of op 'n roekelose wyse met enige voorwerp wat in belang van gesondheid of veiligheid voorsien is, inmeng of dit beskadig of misbruik nie.

[A. 15 vervang by a. 3 van Wet 181 van 1993.]

#### **16 Hoof- uitvoerende beampte belas met sekere pligte**

- (1) Elke hoof- uitvoerende beampte moet, vir sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, toesien dat die pligte van sy werkgever in hierdie Wet beoog, behoorlik uitgevoer word.
- (2) Sonder om afbreuk te doen aan sy verantwoordelikheid of aanspreeklikheid ingevolge subartikel (1) kan 'n hoof- uitvoerende beampte enige plig in genoemde subartikel beoog, opdra aan iemand onder sy beheer, welke

persoon behoudens die beheer en opdragte van die hoof- uitvoerende beampte optree.

- (3) Die bepalings van subartikel (1) onthef nie 'n werkgewer, behoudens die bepalings van artikel 37, van enige verantwoordelikheid of aanspreeklikheid kragtens hierdie Wet nie.
- (4) By die toepassing van subartikel (1) word die departementshoof van enige Staatsdepartement geag die hoof- uitvoerende beampte van daardie departement te wees.

## **17 Gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers**

- (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) moet elke werkgewer wat meer as 20 werknemers by enige werkplek in sy diens het, binne vier maande nadat hierdie Wet van krag geword het of sy besigheid 'n aanvang geneem het, of die getal werknemers in sy diens 20 persone oorskry, na gelang van die geval, gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers vir 'n bepaalde tydperk skriftelik aanwys vir sodanige werkplek, of vir verskillende afdelings daarvan.
- (2) 'n Werkgewer en die verteenwoordigers van sy werknemers wat deur hom erken word of, waar daar nie sodanige verteenwoordigers is nie, die werknemers moet te goeder trou oorleg pleeg betreffende die reëlings en prosedures vir die benoeming of verkiesing, ampstyd en daaropvolgende aanwysing van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers ingevolge subartikel (1): Met dien verstande dat indien sodanige oorlegpleging misluk, die saak vir arbitrasie verwys word na 'n persoon oor wie wedersyds ooreengekom is, wie se beslissing finaal is: Met dien verstande voorts dat indien die partye nie binne 14 dae oor 'n arbiter ooreenkom nie, die werkgewer te dien effekte skriftelik aan die President van die Nywerheidshof kennis moet gee, wat in oorleg met die hoofinspekteur 'n arbiter aanwys, wie se beslissing finaal is.

[Sub-a. (2) vervang by a. 4 van Wet 181 van 1993.]

- (3) Arbitrasie ingevolge subartikel (2) is nie onderworpe aan die bepalings van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), nie, en 'n mislukking van die oorlegpleging in daardie subartikel beoog, word nie geag 'n geskil te wees ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet 28 van 1956), nie: Met dien verstande dat die Minister die wyse van arbitrasie en die vergoeding van die arbiter deur die President van die Nywerheidshof aangewys, kan voorskryf.

[Sub-a. (3) vervang by a. 4 van Wet 181 van 1993.]

- (4) Slegs daardie werknemers wat in 'n heeltydse hoedanigheid by 'n bepaalde werkplek in diens is en wat vertrou is met toestande en bedrywighede by daardie werkplek of afdeling daarvan, na gelang van die geval, kan as

gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers vir daardie werkplek of afdeling aangewys word.

- (5) Die aantal gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers vir 'n werkplek of afdeling daarvan, moet in die geval van winkels en kantore ten minste een gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger vir elke 100 werknemers of gedeelte daarvan wees, en in die geval van alle ander werkplekke ten minste een gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger vir elke 50 werknemers of gedeelte daarvan: Met dien verstande dat daardie werknemers wat werk verrig by 'n ander werkplek as waar hulle gewoonlik vir diens aanmeld, geag word werksaam te wees by die werkplek waar hulle aldus vir diens aanmeld.
- (6) Indien 'n inspekteur van oordeel is dat die aantal gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers vir enige bepaalde werkplek of afdeling daarvan, met inbegrip van 'n werkplek of afdeling met 20 of minder werknemers, ontoereikend is, kan hy die werkgewer skriftelik gelas om die aantal werknemers wat die inspekteur bepaal, as gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers vir daardie werkplek of afdeling daarvan aan te wys ooreenkomstig die reëlings en prosedures in subartikel (2) bedoel.
- (7) Alle bedrywighede in verband met die aanwysing, werksaamhede en opleiding van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers word gedurende gewone werkure verrig, en enige tyd wat redelikerwys deur 'n werknemer in hierdie verband bestee word, word vir alle doeleindes geag tyd te wees wat hy in die uitvoering van sy pligte as 'n werknemer bestee het.

## **18 Werksaamhede van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers**

- (1) 'n Gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger kan die volgende werksaamhede verrig ten opsigte van die werkplek of afdeling van die werkplek waarvoor hy aangewys is, naamlik-
  - (a) die doeltreffendheid van gesondheids- en veiligheidsmaatreëls nagaan;
  - (b) potensiële bedreigings en potensiële ernstige voorvalle by die werkplek identifiseer;
  - (c) in samewerking met sy werkgewer, die oorsake van voorvalle by die werkplek ondersoek;
  - (d) klagtes deur enige werknemer met betrekking tot daardie werknemer se gesondheid of veiligheid by die werkplek ondersoek;
  - (e) tot die werkgewer of 'n gesondheids- en veiligheidskomitee vertoë rig oor sake voortspruitend uit paragraaf (a), (b), (c) of (d), of waar die vertoë onsuksesvol is, tot 'n inspekteur;
  - (f) tot die werkgewer oor algemene sake wat die gesondheid of veiligheid van die werknemers by die werkplek raak, vertoë rig;
  - (g) die werkplek, met inbegrip van enige artikel, substansie,



bedryfstoerusting, masjinerie of gesondheids- en veiligheidstoerusting by daardie werkplek, inspekteer met die oog op die gesondheid en veiligheid van werknemers, met die tussenposes waarop met die werkgewer ooreengekom word: Met dien verstande dat die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger redelike kennis van sy voorneme om so 'n inspeksie uit te voer, moet gee aan die werkgewer, wat tydens die inspeksie teenwoordig kan wees;

- (h) aan besprekings met inspekteurs by die werkplek deelneem en inspekteurs op inspeksies van die werkplek vergesel;
  - (i) inligting van inspekteurs ontvang soos beoog in artikel 36; en
  - (j) in sy hoedanigheid as 'n gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger vergaderings van die gesondheids- en veiligheidskomitees waarvan hy lid is in verband met enige van die voormelde werksaamhede bywoon.
- (2) 'n Gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger is geregtig daarop om, ten opsigte van die werkplek of afdeling van die werkplek waarvoor hy aangewys is-
- (a) die terrein van 'n voorval te eniger redelike tyd te besoek en 'n inspeksie ter plaatse mee te maak;
  - (b) enige ondersoek of formele ondersoek ingevolge hierdie Wet by te woon;
  - (c) vir sover dit redelikerwys nodig is om sy werksaamhede te verrig, enige dokument wat sy werkgewer ingevolge hierdie Wet moet byhou, te inspekteer;
  - (d) 'n inspekteur tydens enige inspeksie te vergesel;
  - (e) met die goedkeuring van die werkgewer (welke goedkeuring nie onredelik weerhou mag word nie) deur 'n tegniese adviseur tydens enige inspeksie vergesel te word; en
  - (f) in enige interne gesondheids- of veiligheidsoudit deel te neem.
- [Sub-a. (2) vervang by a. 5 van Wet 181 van 1993.]
- (3) 'n Werkgewer moet die fasiliteite, bystand en opleiding voorsien wat 'n gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger redelikerwys nodig het, en waarop ooreengekom is, vir die uitvoering van sy pligte.
- (4) 'n Gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger doen nie enige siviele aanspreeklikheid op nie slegs omdat hy versuim het om iets te doen wat hy ingevolge hierdie Wet kan of moet doen.

## **19 Gesondheids- en veiligheidskomitees**

- (1) 'n Werkgewer moet ten opsigte van elke werkplek waar twee of meer gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers aangewys is, een of meer gesondheids- en veiligheidskomitees instel en by elke vergadering van sodanige komitee soos beoog in subartikel (4), oorleg pleeg met die komitee met die oog op die instelling, ontwikkeling, bevordering, instandhouding en hersiening van metodes om die gesondheid en veiligheid

van sy werknemers by die werk te verseker.

- (2) 'n Gesondheids- en veiligheidskomitee bestaan uit die getal lede wat die werkgewer van tyd tot tyd bepaal: Met dien verstande dat-
  - (a) indien een gesondheids- en veiligheidskomitee ten opsigte van 'n werkplek ingestel is, al die gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers vir daardie werkplek lede van die komitee moet wees;
  - (b) indien twee of meer gesondheids- en veiligheidskomitees ten opsigte van 'n werkplek ingestel is, elke gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordiger vir daardie werkplek 'n lid van ten minste een van daardie komitees moet wees; en
  - (c) die getal persone wat deur 'n werkgewer benoem word in enige gesondheids- en veiligheidskomitee ingestel ingevolge hierdie artikel nie meer mag wees as die getal gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers in daardie komitee nie.
- (3) Die persone wat deur 'n werkgewer benoem word in 'n gesondheids- en veiligheidskomitee, word skriftelik deur die werkgewer aangewys vir die tydperk wat hy mag bepaal, terwyl die gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers lede van die komitee is vir die tydperk van hulle aanwysing ingevolge artikel 17 (1).
- (4) 'n Gesondheids- en veiligheidskomitee vergader so dikwels as wat nodig is, maar ten minste een keer elke drie maande op 'n tyd en plek deur die komitee bepaal: Met dien verstande dat 'n inspekteur by skriftelike kennisgewing kan gelas dat die lede van 'n gesondheids- en veiligheidskomitee 'n vergadering hou op 'n tyd en plek wat hy bepaal: Met dien verstande voorts dat, indien meer as 10 persent van die werknemers by 'n bepaalde werkplek 'n skriftelike versoek daartoe aan 'n inspekteur rig, die inspekteur by skriftelike kennisgewing kan gelas dat so 'n vergadering gehou word.
- (5) Die prosedure by vergaderings van 'n gesondheids- en veiligheidskomitee word deur die komitee bepaal.
- (6) (a) 'n Gesondheids- en veiligheidskomitee kan een of meer persone vanweë sy of hul besondere kennis van gesondheids- of veiligheidsaangeleenthede as 'n adviserende lid of as adviserende lede van die komitee koöpteer.
  - (b) 'n Adviserende lid mag nie stem oor enige aangeleentheid wat voor die komitee dien nie.
- (7) Indien 'n inspekteur van oordeel is dat die getal gesondheids- en veiligheidskomitees wat vir 'n bepaalde werkplek ingestel is, ontoereikend

is, kan hy die werkgewer skriftelik gelas om vir daardie werkplek die getal gesondheids- en veiligheidskomitees in te stel wat die inspekteur bepaal.

## **20 Werksaamhede van gesondheids- en veiligheidskomitees**

- (1) 'n Gesondheids- en veiligheidskomitee-
  - (a) kan aanbevelings doen by die werkgewer of, waar die aanbevelings nie tot 'n oplossing van die aangeleentheid lei nie, by 'n inspekteur, oor enige aangeleentheid rakende die gesondheid of veiligheid van persone by die werkplek of 'n afdeling daarvan waarvoor so 'n komitee ingestel is;
  - (b) moet enige voorval by die werkplek of afdeling daarvan waarin of as gevolg waarvan enige persoon beseer is, siek geword het of gesterf het, bespreek en kan oor die voorval skriftelik aan 'n inspekteur verslag doen; en
  - (c) moet die ander werksaamhede verrig wat voorgeskryf word.
- (2) 'n Gesondheids- en veiligheidskomitee moet aantekening hou van elke aanbeveling aan 'n werkgewer kragtens subartikel (1) (a) gedoen en van enige verslag aan 'n inspekteur kragtens subartikel (1) (b) gedoen.
- (3) 'n Gesondheids- en veiligheidskomitee of 'n lid daarvan doen nie enige siviele aanspreeklikheid op nie slegs omdat hy versuim het om iets te doen wat hy ingevolge hierdie Wet kan of moet doen.
- (4) 'n Werkgewer moet die voorgeskrewe stappe doen om te verseker dat 'n gesondheids- en veiligheidskomitee aan die bepalinge van artikel 19 (4) voldoen en die pligte wat by subartikels (1) en (2) daaraan opgedra is, verrig.

## **21 Algemene verbodsbepalings**

- (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar-
  - (a) dat geen werkgewer 'n werknemer wat behoort tot 'n kategorie werknemers in die kennisgewing vermeld, mag verplig of toelaat om enige werk op of in enige perseel te verrig nie waarop of waarin 'n bedrywigheid in die kennisgewing vermeld, verrig word wat na die oordeel van die Minister 'n bedrywigheid is wat die gesondheid of veiligheid van 'n werknemer wat tot daardie kategorie werknemers behoort, bedreig of waarskynlik sal bedreig, of dat geen werkgewer so 'n werknemer kan verplig of toelaat om op of in so 'n perseel enige werk te verrig nie behalwe op die voorwaardes in die kennisgewing vermeld;
  - (b) dat geen werkgewer 'n werknemer mag verplig of toelaat om enige werk te verrig nie in verband met die uitvoering van 'n proses in die kennisgewing vermeld wat na die oordeel van die Minister 'n proses is wat die gesondheid of veiligheid van 'n werknemer bedreig of

waarskynlik sal bedreig, of dat geen werkgewer 'n werknemer mag verplig of toelaat om enige werk te verrig nie in verband met die uitvoering van so 'n proses behalwe op die voorwaardes in die kennisgewing vermeld; en

- (c) dat geen werkgewer 'n werknemer mag verplig of toelaat om, behalwe op die voorwaardes in die kennisgewing vermeld, enige werk op of in enige perseel te verrig nie waar 'n artikel of substansie in die kennisgewing vermeld, geproduseer, geprosesseer, gebruik, gehanteer, opgeberg of vervoer word wat na die oordeel van die Minister 'n artikel of substansie is wat die gesondheid of veiligheid van 'n werknemer bedreig of waarskynlik sal bedreig.

- (2) (a) Die Minister moet, voordat hy 'n kennisgewing kragtens subartikel (1) publiseer, 'n konsep van sy voorgenome kennisgewing in die *Staatskoerant* laat publiseer en terselfdertyd belanghebbende persone uitnoui om kommentaar en verhoë in verband met die voorgenome kennisgewing binne 'n vermeldde tyd skriftelik aan hom voor te lê.

- (b) Die bepalings van paragraaf (a) is nie van toepassing nie indien die Minister as gevolg van die kommentaar en verhoë wat ontvang is, besluit om die kennisgewing in subartikel (1) bedoel in 'n gewysigde vorm te publiseer.

- (3) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1) kan te eniger tyd by dergelike kennisgewing gewysig of herroep word.

- (4) 'n Kennisgewing word nie kragtens subartikel (1) of (3) uitgereik nie tensy oorleg met die Minister vir Nasionale Gesondheid en Welsyn en die Raad gepleeg is.

- (5) 'n Kennisgewing uitgereik of geag uitgereik te gewees het kragtens artikel 13 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), en wat onmiddellik voor die inwerkingtreëding van hierdie Wet van krag was, word geag kragtens hierdie artikel uitgereik te gewees het.

## **22 Verkoop van sekere artikels verbode**

Behoudens die bepalings van artikel 10 (4), indien enige vereiste (met inbegrip van 'n gesondheids- of veiligheidstandaard) ten opsigte van enige artikel, substansie, bedryfstoerusting, masjinerie of gesondheids- en veiligheidstoerusting of vir die gebruik of aanwending daarvan voorgeskryf is, mag niemand sodanige artikel, substansie, bedryfstoerusting, masjinerie of gesondheids- en veiligheidstoerusting verkoop of op enige ander wyse hoegenaamd bemark nie tensy dit aan daardie vereiste voldoen.

## **23 Sekere aftrekkings verbode**

Geen werkgewer mag ten opsigte van enigiets wat hy ingevolge hierdie Wet verplig is om in belang van die gesondheid of veiligheid van 'n werknemer te

verskaf of te doen, enige aftrekking van enige werknemer se beloning maak of vereis of toelaat dat enige werknemer enige betaling aan hom of enige ander persoon maak nie.

[A. 23 vervang by a. 6 van Wet 181 van 1993.]

## **24 Aanmelding van sekere voorvalle by inspekteur**

(1) Elke voorval wat by die werk plaasvind of wat voortspruit uit of in verband staan met die bedrywigheide van persone by die werk, of met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie, waarin, of as gevolg waarvan-

- (a) iemand sterf, bewusteloos raak, 'n ledemaat of deel van 'n ledemaat verloor, of dermate andersins beseer of siek word dat hy waarskynlik òf sal sterf òf aan 'n permanente liggaamsgebrek sal ly of waarskynlik vir 'n tydperk van minstens 14 dae òf nie kan werk nie òf nie die bedrywigheid waarvoor hy in diens geneem is of gewoonlik in diens is, kan voortsit nie;
- (b) 'n ernstige voorval plaasgevind het; of
- (c) die gesondheid of veiligheid van enige persoon bedreig is en waar-
  - (i) 'n gevaarlike substansie gestort is;
  - (ii) die onbeheerste loslating van enige substansie onder druk plaasvind;
  - (iii) masjinerie of enige deel daarvan gebreek of geweier het wat gelei het tot vlieënde, vallende of onbeheerde bewegende voorwerpe; of
  - (iv) masjinerie buite beheer geraak het,

moet, binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse, deur die werkgewer of die gebruiker van die betrokke bedryfstoeusting of masjinerie, na gelang van die geval, by 'n inspekteur aangemeld word.

(2) In die geval van 'n voorval waar 'n persoon dood is, of dermate beseer is dat hy waarskynlik sal sterf, of 'n ledemaat of gedeelte van 'n ledemaat verloor het, mag niemand die terrein waar die voorval plaasgevind het sonder die toestemming van 'n inspekteur versteur of enige artikel of substansie wat by die voorval betrokke was, daarvandaan verwyder nie: Met dien verstande dat die stappe wat nodig is, gedoen kan word om 'n verdere voorval te voorkom, persone wat beseer of gedood is, te verwyder, of persone van gevaar te red.

(3) Die bepalinge van subartikels (1) en (2) is nie van toepassing nie ten opsigte van-

- (a) 'n verkeersongeluk op 'n openbare pad;
- (b) 'n voorval wat plaasvind in 'n private huishouding, mits die huishouer die voorval onverwyld by die Suid-Afrikaanse Polisie aanmeld; of
- (c) 'n ongeluk wat kragtens artikel 12 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), ondersoek moet word.

- (4) 'n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisie by wie 'n voorval ingevolge subartikel (3) (b) aangemeld is, stel onverwyld 'n inspekteur daarvan in kennis.

## **25 Verslag aan hoofinspekteur aangaande beroepsiekte**

'n Mediese praktisyn wat iemand ondersoek of behandel vir 'n siekte wat in die Tweede Bylae by die Ongevalwet, 1941 (Wet 30 van 1941), beskryf is of enige ander siekte wat hy vermoed ontstaan het as gevolg van daardie persoon se diens, moet binne die voorgeskrewe tydperk en op die voorgeskrewe wyse die geval by daardie persoon se werkgewer en by die hoofinspekteur aanmeld, en daardie persoon dienooreenkomstig inlig.

[A. 25 vervang by a. 7 van Wet 181 van 1993.]

## **26 Verbod op viktimisasie**

- (1) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer uit sy diens ontslaan, of die skaal van sy beloning verminder, of die bedinge of voorwaardes van sy diens verander na bedinge of voorwaardes wat vir hom minder gunstig is, of sy posisie in vergelyking met ander werknemers in die diens van daardie werkgewer tot sy nadeel verander nie, as gevolg van die feit, of omrede hy vermoed of glo, hetsy die vermoede of geloof geregverdig of juis is of nie, dat daardie werknemer aan die Minister of aan iemand anders belas met die uitvoering van 'n bepaling van hierdie Wet inligting verstrek het wat hy ingevolge hierdie Wet verplig is om te verstrek of wat betrekking het op die bedinge, voorwaardes of omstandighede van sy diens of op dié van 'n ander werknemer van sy werkgewer, of 'n wettige verbod, vereiste, versoek of lasgewing van 'n inspekteur nagekom het, of voor 'n geregshof of die nywerheidshof getuienis afgelê het, of iets gedoen het wat hy ingevolge hierdie Wet kan of moet doen of geweier het om iets te doen wat hy ingevolge hierdie Wet nie mag doen nie.

- (2) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer onbillik uit sy diens ontslaan, of die skaal van sy beloning verminder, of die bedinge of voorwaardes van sy diens verander na bedinge of voorwaardes wat vir hom minder gunstig is, of sy posisie in vergelyking met ander werknemers in die diens van daardie werkgewer tot sy nadeel verander nie, as gevolg van die inligting wat die werkgewer bekom het oor die resultate beoog in artikel 12 (2) of as gevolg van 'n aanmelding by die werkgewer ingevolge artikel 25.

[Sub-a. (2) bygevoeg by a. 8 van Wet 181 van 1993.]

## **27 Aanwysing en werksaamhede van hoofinspekteur**

- (1) Die Minister wys 'n beampte wat by die Departement in diens is, as hoofinspekteur vir die doeleindes van hierdie Wet aan.
- (2) Die hoofinspekteur verrig sy werksaamhede onderworpe aan die beheer en toesig van die Direkteur-generaal van die Departement en kan enige

werkzaamheid by hierdie Wet aan 'n inspekteur opgedra, verrig.

- (3) (a) Die hoofinspekteur kan 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan hom verleen, behalwe 'n bevoegdheid vermeld in artikel 35 (1) of kragtens artikel 42 aan hom gedelegeer, aan enige ander beampte deleger of so 'n beampte magtig om 'n plig by hierdie Wet aan hom opgedra, te verrig.  
  
(b) Geen delegering van 'n bevoegdheid kragtens paragraaf (a) belet die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die hoofinspekteur self nie.
- (4) Wanneer die hoofinspekteur afwesig is of nie in staat is om sy werksaamhede as hoofinspekteur te verrig nie of wanneer die aanwysing van 'n hoofinspekteur hangende is, kan die Minister 'n ander beampte wat by die Departement in diens is, aanwys om gedurende die afwesigheid of onvermoë van die hoofinspekteur of totdat 'n hoofinspekteur aangewys word, as hoofinspekteur waar te neem.
- (5) Iemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet as hoofinspekteur aangewys was kragtens artikel 19 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), word geag as hoofinspekteur kragtens subartikel (1) van hierdie artikel aangewys te gewees het.

## **28 Aanwysing van inspekteurs deur Minister**

- (1) Die Minister kan enige persoon as 'n inspekteur aanwys om enige van of al die werksaamhede by hierdie Wet aan 'n inspekteur opgedra, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die hoofinspekteur te verrig.
- (2) Elke inspekteur kragtens subartikel (1) aangewys, moet van 'n sertifikaat voorsien word wat deur of namens die Minister onderteken is en waarin verklaar word dat hy as 'n inspekteur aangewys is: Met dien verstande dat indien sy aanwysing as inspekteur tot 'n bepaalde werksaamheid of werksaamhede beperk is, sy sertifikaat daardie beperking moet vermeld.
- (3) Wanneer 'n inspekteur kragtens subartikel (1) aangewys 'n werksaamheid kragtens hierdie Wet verrig in die teenwoordigheid van iemand wat daardeur geraak word, moet die inspekteur op versoek van so iemand die sertifikaat in subartikel (2) bedoel aan hom toon.
- (4) Iemand wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet as 'n inspekteur aangewys was kragtens artikel 20 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), word geag as 'n inspekteur kragtens subartikel (1) van hierdie artikel aangewys te gewees het.

## **29 Werksaamhede van inspekteurs**

- (1) 'n Inspekteur kan, vir die doeleindes van hierdie Wet-

- (a) sonder kennisgewing vooraf, te eniger redelike tyd enige perseel betree wat deur 'n werkgewer geokkupeer of gebruik word of waarop of waarin 'n werknemer werk verrig of enige bedryfstoerusting of masjinerie gebruik word, of wat hy vermoed sodanige perseel te wees;
  - (b) iemand wat op of in so 'n perseel is of was, òf alleen òf in die teenwoordigheid van iemand anders betreffende 'n aangeleentheid waarop hierdie Wet betrekking het, ondervra;
  - (c) van iemand wat beheer of toesig het oor 'n boek, rekord of ander stuk op of in daardie perseel, vereis dat so 'n boek, rekord of ander stuk dadelik of op die tyd en plek wat hy bepaal, aan hom voorgelê word;
  - (d) so 'n boek, rekord of ander stuk ondersoek of 'n afskrif daarvan of 'n uittreksel daaruit maak;
  - (e) van so iemand 'n verduideliking van 'n inskrywing in so 'n boek, rekord of stuk vereis;
  - (f) enige artikel, substansie, bedryfstoerusting of masjinerie wat op of in daardie perseel is of was, of enige werk wat op of in die perseel gedoen word of enige toestand wat op of in daardie perseel heers, inspekteer of enige artikel, substansie, bedryfstoerusting of masjinerie of 'n deel of monster daarvan vir ondersoek of ontleding verwyder;
  - (g) beslag lê op so 'n boek, rekord of ander stuk of op so 'n artikel, substansie, bedryfstoerusting of masjinerie of 'n deel of monster daarvan wat na sy oordeel as bewys kan dien by die verhoor van iemand op 'n aanklag weens 'n misdryf kragtens hierdie Wet of die gemene reg: Met dien verstande dat die werkgewer of gebruiker van die betrokke artikel, substansie, bedryfstoerusting of masjinerie, na gelang van die geval, afskrifte van sodanige boek, rekord of stuk mag maak voor sodanige beslaglegging;
  - (h) 'n werkgewer, werknemer of gebruiker, met inbegrip van 'n voormalige werkgewer, werknemer of gebruiker, gelas om voor hom te verskyn op die plek en tyd wat hy bepaal en so 'n werkgewer, werknemer of gebruiker, òf alleen òf in die teenwoordigheid van iemand anders, betreffende enige aangeleentheid waarop hierdie Wet betrekking het, ondervra;
  - (i) enige ander werksaamheid wat voorgeskryf word, verrig.
- (2) (a) 'n Tolk, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of enige ander assistent kan, wanneer 'n inspekteur dit nodig ag, hom by die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet vergesel.
- (b) By die toepassing van hierdie Wet word 'n inspekteur se assistent terwyl hy optree kragtens die opdragte van 'n inspekteur, geag 'n inspekteur te wees.
- (3) Wanneer 'n inspekteur 'n perseel kragtens subartikel (1) betree, moet die werkgewer wat daardie perseel okkupeer of gebruik en elke werknemer wat daarop of daarin werk verrig en 'n gebruiker wat bedryfstoerusting of masjinerie daarop of daarin gebruik, te alle tye die fasiliteite verskaf wat



redelikerwys deur die inspekteur vereis word ten einde hom en sy assistent (as daar is) in staat te stel om sy of hul werksaamhede kragtens hierdie Wet effektief en veilig te verrig.

- (4) Wanneer 'n inspekteur enige artikel, substansie, bedryfstoerusting, masjinerie, boek, rekord of ander stuk soos bedoel in subartikel (1) (f) of (g) verwyder of daarop beslag lê, moet hy skriftelik ontvangs aan die eienaar of persoon in beheer daarvan erken.

### **30 Spesiale bevoegdhede van inspekteurs**

- (1) (a) Wanneer 'n werkgewer 'n handeling verrig of vereis of toelaat dat 'n handeling verrig word, of beoog om 'n handeling te verrig of om te vereis of toe te laat dat 'n handeling verrig word, wat na die oordeel van 'n inspekteur die gesondheid of veiligheid van enige persoon bedreig of waarskynlik sal bedreig, kan die inspekteur daardie werkgewer skriftelik verbied om met die verrigting van daardie handeling voort te gaan of te begin of om te vereis of toe te laat dat daar met daardie handeling voortgegaan of begin word, na gelang van die geval.
- (b) Wanneer 'n gebruiker bedryfstoerusting of masjinerie gebruik of beoog om dit te gebruik op 'n wyse of in omstandighede wat na die oordeel van 'n inspekteur die gesondheid of veiligheid van enige persoon wat met daardie bedryfstoerusting of masjinerie werk of wat in die nabyheid daarvan is of mag kom, bedreig of waarskynlik sal bedreig, kan die inspekteur daardie gebruiker skriftelik verbied om met die gebruik van daardie bedryfstoerusting of masjinerie of op daardie wyse of in daardie omstandighede voort te gaan of te begin, na gelang van die geval.
- (c) 'n Inspekteur kan skriftelik 'n werkgewer verbied om van 'n werknemer of enige werknemer wat tot 'n kategorie werknemers behoort wat in die verbod vermeld is, te vereis of hom toe te laat om in die loop van sy diens vir 'n langer tydperk as 'n tydperk wat in die verbod vermeld is, blootgestel te word aan enige artikel, substansie, organisme of toestand wat, na die oordeel van die inspekteur, die gesondheid of veiligheid van daardie werknemer of die werknemer wat behoort tot daardie kategorie werknemers, na gelang van die geval, bedreig of waarskynlik sal bedreig.
- (d) 'n Verbod kragtens paragraaf (a), (b) of (c) opgelê, kan te eniger tyd skriftelik deur 'n inspekteur opgehef word indien reëlins tot bevrediging van die inspekteur getref is om die bedreiging wat tot die oplegging van die verbod aanleiding gegee het, uit die weg te ruim.
- (2) Ten einde 'n verbod af te dwing wat ingevolge subartikel (1) (a) of (b) opgelê is, kan 'n inspekteur daardie deel van die betrokke werkplek, bedryfstoerusting of masjinerie waarop die verbod van toepassing is, versper, afsluit, verskans of afkamp, en niemand mag met sodanige versperring, afsluiting, verskansing of afkamping inmeng of dit verwyder nie.

- (3) Wanneer 'n inspekteur van mening is dat die gesondheid of veiligheid van enige persoon by 'n werkplek of in die loop van sy diens of in verband met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie bedreig word vanweë die weiering of versuim van 'n werkgewer of 'n gebruiker, na gelang van die geval, om redelike stappe te doen in die belang van sodanige persoon se gesondheid of veiligheid, kan die inspekteur skriftelik die werkgewer of gebruiker gelas om binne 'n genoemde tydperk die stappe te doen wat in die lasgewing vermeld word.
- (4) Wanneer 'n inspekteur van mening is dat 'n werkgewer of 'n gebruiker versuim het om te voldoen aan 'n bepaling van 'n regulasie wat op hom van toepassing is, kan die inspekteur skriftelik daardie werkgewer of gebruiker gelas om binne 'n tydperk in die lasgewing vermeld die stappe te doen wat, na die mening van die inspekteur, nodig is om aan die genoemde bepaling te voldoen, en in die lasgewing uiteengesit word.
- (5) 'n Tydperk bedoel in subartikel (3) of (4) kan te eniger tyd deur 'n inspekteur by skriftelike kennisgewing aan die betrokke persoon verleng word.
- (6) 'n Werkgewer moet onverwyld die inhoud van 'n verbod, lasgewing of kennisgewing ingevolge hierdie artikel onder die aandag van die betrokke gesondheids- en veiligheidsverteenvoerders en werknemers bring.

### **31 Ondersoeke**

- (1) 'n Inspekteur kan ondersoek instel na die omstandighede van enige voorval wat plaasgevind het by of ontstaan het in 'n werkplek of in verband met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie wat gelei het, of na die mening van die inspekteur kon gelei het, tot die besering, siekte of dood van enige persoon ten einde te bepaal of dit nodig is dat 'n formele ondersoek ingevolge artikel 32 gehou word.
- (2) Na voltooiing van die ondersoek ingevolge subartikel (1) moet die inspekteur 'n skriftelike verslag daaroor, tesame met alle relevante verklarings, stukke en inligting deur hom ingewin, stuur aan die prokureur-generaal binne wie se regsgebied die voorval plaasgevind het en hy moet terselfdertyd 'n afskrif van die verslag, verklarings en stukke aan die hoofinspekteur stuur.
- (3) By ontvangs van 'n verslag bedoel in subartikel (2), moet die prokureur-generaal daarmee handel ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet 58 van 1959), of die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), na gelang van die geval.
- (4) 'n Inspekteur wat 'n ondersoek hou, doen nie enige siviele aanspreeklikheid op nie vanweë enigiets vervat in die verslag in subartikel (2) bedoel.

## 32 Formele ondersoek

- (1) Die hoofinspekteur kan, en moet wanneer hy daartoe versoek word deur 'n persoon wat *prima facie*-getuienis van 'n misdryf voorlê, 'n inspekteur gelas om 'n formele ondersoek te hou na enige voorval wat plaasgevind het of ontstaan het in 'n werkplek of in verband met die gebruik van bedryfstoerusting of masjinerie wat die besering, siekte of dood van enige persoon tot gevolg gehad het, of na die mening van die hoofinspekteur tot gevolg kon gehad het.
- (2) Vir die doeleindes van 'n ondersoek in subartikel (1) bedoel, kan die inspekteur enige persoon dagvaar om op 'n dag en plek in die dagvaarding genoem voor hom te verskyn en getuienis af te lê of om enige boek, stuk of saak oor te lê wat na die oordeel van die inspekteur op die onderwerp van die ondersoek betrekking het.
- (3) Behalwe waar anders in hierdie artikel bepaal, is die reg wat strafregtelike verhore in landdroshowe reël *mutatis mutandis* van toepassing op die verkryging van getuies by 'n ondersoek kragtens hierdie artikel, die oplegging op hulle van 'n eed of bevestiging, hul ondervraging, die betaling van getuiegeld aan hulle en die oorlegging deur hulle van boeke, stukke en sake.
- (4) 'n Ondersoek kragtens hierdie artikel word in die openbaar gehou: Met dien verstande dat die voorsittende inspekteur enige persoon wie se teenwoordigheid, na sy mening, onwenslik of nie in die openbare belang is nie, van die plek waar die ondersoek gehou word, kan uitsluit.
- (5) (a) Die voorsittende inspekteur kan enigiemand aanwys om getuienis te lei en enige getuie by 'n formele ondersoek te ondervra.  
(b) Iemand wat 'n belang by die uitslag van die formele ondersoek het, kan persoonlik of deur 'n verteenwoordiger, advokaat of prokureur 'n getuie by die ondersoek ondervra in die mate wat die voorsittende inspekteur toelaat.  
(c) Die volgende persone het 'n belang soos in paragraaf (b) bedoel, naamlik:
  - (i) iemand wat beseer of skade berokken is as gevolg van die voorval wat die onderwerp van die ondersoek uitmaak;
  - (ii) die werkgewer of gebruiker, na gelang van die geval, wat by die voorval betrokke is;
  - (iii) iemand ten opsigte van wie na die mening van die voorsittende inspekteur daar uit die getuienis redelikerwys afgelei kan word dat hy vir die voorval aanspreeklik gehou kan word;
  - (iv) 'n vakbond wat deur die betrokke werkgewer erken word of 'n vakbond waarvan 'n persoon in subparagraaf (i) of (iii) bedoel, 'n lid is;
  - (v) die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waar bedoelde voorval plaasgevind het;
  - (vi) enige ander persoon wat na die oordeel van die voorsittende inspekteur

so 'n belang kan bewys.

- (6) (a) 'n Onderzoek kan, indien dit nodig of dienstig is, te eniger tyd deur die voorsittende inspekteur verdaag word.
- (b) 'n Onderzoek wat kragtens paragraaf (a) verdaag is, kan te eniger tyd voortgesit word deur 'n ander inspekteur as die inspekteur voor wie die ondersoek begin het, en kan na 'n verdaging weer voortgesit word deur die inspekteur voor wie die ondersoek begin het.
- (7) 'n Beëdigde verklaring wat gedoen is deur iemand in verband met die voorval ten opsigte waarvan die ondersoek gehou word, is na goeë dunnke van die voorsittende inspekteur, by voorlegging toelaatbaar as bewys van die feite daarin gestel, en die voorsittende inspekteur kan na goeë dunnke die persoon wat so 'n beëdigde verklaring gedoen het, dagvaar om mondelinge getuienis by die ondersoek af te lê of kan geskrewe vraagpunte aan hom voorlê om op te antwoord, en sodanige vraagpunte en enige antwoord daarop wat voorgee om 'n antwoord te wees van sodanige persoon, word insgelyks aanvaar as getuienis by die ondersoek: Met dien verstande dat die voorsittende inspekteur enige persoon wat by die ondersoek teenwoordig is 'n geleentheid moet gee om die feite genoem in sodanige dokument, verklaring of antwoord, te weerlê.
- (8) (a) Wanneer dit in die loop van die ondersoek vir die voorsittende inspekteur blyk dat die ondervraging van 'n getuie nodig is en dat die bywoning van sodanige getuie nie verkry kan word nie sonder 'n mate van vertraging, uitgawe of ongerief wat onder die omstandighede onredelik sou wees, kan die voorsittende inspekteur afsien van sodanige bywoning en kan hy iemand aanstel as 'n kommissaris om getuienis van daardie getuie af te neem, hetsy binne of buite die Republiek, ten opsigte van die sake of feite wat die voorsittende inspekteur aandui.
- (b) Iemand in subartikel (5) (b) bedoel, kan persoonlik of deur middel van 'n verteenwoordiger, advokaat of prokureur voor sodanige kommissaris verskyn ten einde genoemde getuie te ondervra.
- (c) Die getuienis wat ingevolge hierdie subartikel opgeteken word, is toelaatbaar as getuienis by die ondersoek.
- (9) By die beëindiging van 'n ondersoek kragtens hierdie artikel, moet die voorsittende inspekteur 'n skriftelike verslag daarop opstel.
- (10) Die getuienis by 'n ondersoek kragtens hierdie artikel afgelê, word afgeneem en 'n afskrif daarvan word deur die voorsittende inspekteur saam met sy verslag aan die hoofinspekteur gestuur, en in die geval van 'n voorval waarin of na aanleiding waarvan iemand beswyk het of ernstig beseer is of siek geword het, moet die inspekteur 'n afskrif van bedoelde getuienis en die verslag stuur aan die prokureur-generaal binne wie se regsgebied sodanige voorval plaasgevind het.

- (11) Niks in hierdie artikel word uitgelê om die instelling van strafregtelike verrigtinge teen iemand te belet nie, of om iemand wat daartoe gemagtig is, te belet om 'n lasbrief ter inhegtenisneming uit te reik of om iemand in hegtenis te neem nie, hetsy 'n ondersoek reeds 'n aanvang geneem het of nie.
- (12) By ontvangs van 'n verslag bedoel in subartikel (10), moet die prokureur-generaal daarmee handel ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet 58 van 1959), of die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), na gelang van die geval.
- (13) 'n Inspekteur wat by 'n formele ondersoek voorsit, doen nie enige siviele aanspreeklikheid op nie vanweë enigiets vervat in die verslag ingevolge subartikel (9) opgestel.

### **33 Gesamentlike ondersoeke**

- (1) Die bepalings van artikel 32 raak nie die bepalings van 'n wet waardeur geregtelike doodsondersoeke of ander ondersoeke in die geval van dood weens ander oorsake as natuurlike oorsake, vereis en gereël word nie, en ten opsigte van elke voorval in genoemde artikel bedoel waarin of na aanleiding waarvan iemand beswyk het, moet daar, benewens 'n ondersoek kragtens genoemde artikel, ook die geregtelike doodsondersoek of ander ondersoek deur so 'n wet vereis, ingestel word, maar 'n ondersoek kragtens genoemde artikel en 'n geregtelike doodsondersoek deur 'n regterlike beampte kragtens die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet 58 van 1959), kan gesamentlik ingestel word.
- (2) By sodanige gesamentlike ondersoek en geregtelike doodsondersoek moet die regterlike beampte voorsit, en daarop is die bepalings van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959, van toepassing, maar die inspekteur en die regterlike beampte moet elkeen die verslag opstel wat onderskeidelik deur artikel 32 (9) en daardie Wet van hulle vereis word.

### **34 Dwarsboming van ondersoek of voorsittende inspekteur of versuim om hulp te verleen**

Niemand mag, met betrekking tot 'n ondersoek ingevolge artikel 31 of 32-

- (a) sonder redelike verskoning in gebreke bly om 'n wettige lasgewing, dagvaarding, versoek of bevel uitgereik of gegee deur die voorsittende inspekteur, na te kom nie;
- (b) weier of versuim om na sy beste wete te antwoord op 'n vraag regtens aan hom gestel deur of met die instemming van die voorsittende inspekteur nie: Met dien verstande dat niemand verplig kan word om 'n vraag te beantwoord waardeur hy homself kan inkrimineer nie;
- (c) iemand wat deur die voorsittende inspekteur gelas, gedagvaar, versoek

of beveel is om iets te doen, op enige wyse hoegenaamd adviseer, aanmoedig, aanhits, beveel of oorhaal om nie sodanige lasgewing, dagvaarding, versoek of bevel na te kom nie of hom op enige wyse verhinder om dit te doen nie;

- (d) weier of versuim om, wanneer die voorsittende inspekteur dit vereis, hom van die middele te voorsien of aan hom die nodige hulp te verleen wat nodig is om sodanige ondersoek in te stel nie;
- (e) weier of versuim om, wanneer die voorsittende inspekteur dit vereis, 'n ondersoek by te woon nie; of
- (f) die voorsittende inspekteur of sy assistent opsetlik beledig of die verrigtinge daarvan opsetlik onderbreek nie.

### **35 Appèl teen besluit van inspekteur**

- (1) Iemand wat hom veronreg voel deur 'n besluit wat deur 'n inspekteur kragtens 'n bepaling van hierdie Wet geneem is, kan by die hoofinspekteur teen daardie besluit appèl aanteken, en die hoofinspekteur moet na oorweging van die gronde van die appèl en die inspekteur se redes vir die besluit, die besluit bekragtig, tersyde stel of wysig of die besluit deur enige ander besluit vervang wat die inspekteur na die hoofinspekteur se mening moes geneem het.
- (2) Iemand wat 'n appèl ingevolge subartikel (1) wil aanteken, moet sodanige appèl binne 60 dae nadat die besluit van die inspekteur bekendgemaak is, skriftelik by die hoofinspekteur indien en die gronde waarop appèl aangeteken word, uiteensit.
- (3) Iemand wat hom veronreg voel deur 'n besluit wat deur die hoofinspekteur kragtens subartikel (1) of by die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge hierdie Wet geneem is, kan by die Arbeidshof teen daardie besluit appèl aanteken, en die nywerheidshof moet die aangeleentheid wat die onderwerp van die appèl uitmaak, ondersoek en oorweeg en die besluit bekragtig, tersyde stel of wysig of die besluit deur die ander besluit vervang wat die hoofinspekteur na die nywerheidshof se oordeel moes geneem het.  
[Sub-a. (3) gewysig by a. 211 van Wet 66 van 1995.]
- (4) Iemand wat ingevolge subartikel (3) wil appelleer, moet die appèl binne 60 dae nadat die hoofinspekteur se beslissing gegee is, by die griffier van die Arbeidshof indien ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en die reëls van die Arbeidshof.  
[Sub-a. (4) vervang by a. 211 van Wet 66 van 1995.]
- (5) 'n Appèl kragtens subartikel (1) of (3) in verband met 'n verbod kragtens artikel 30 (1) (a) of (b) opgelê, skort nie die werking van die verbod op nie.

### 36 Bekendmaking van inligting

Niemand mag inligting openbaar wat hy by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet met betrekking tot die sake van iemand anders verkry het nie, behalwe-

- (a) in die mate waarin dit vir die behoorlike uitvoering van 'n bepaling van hierdie Wet nodig mag wees;
- (b) vir die doel van die regspleging; of
- (c) op versoek van 'n gesondheids- en veiligheidsverteenvoerder of 'n gesondheids- en veiligheidskomitee wat daarop geregtig is.

### 37 Dade of versuime van werknemers of lashebbers

- (1) Wanneer 'n werknemer 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees as die werkgewer van daardie werknemer of 'n gebruiker dit begaan of nagelaat het, dan, tensy daar bewys word dat-
  - (a) die werkgewer of so 'n gebruiker daardie daad of versuim van die werknemer nie oogluikend toegelaat het of veroorloof het nie;
  - (b) 'n daad of versuim, hetsy wettig of onwettig, van die ten laste gelegde aard onder geen voorwaarde of omstandigheid binne die bestek van die bevoegdheid van die werknemer geval het nie; en
  - (c) die werkgewer of gebruiker alle redelike stappe gedoen het om so 'n daad of versuim te voorkom,  
word vermoed dat die werkgewer of so 'n gebruiker self daardie daad of versuim begaan het, en kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonnissen word; en die feit dat hy 'n daad of versuim van die betrokke aard verbied het, word nie op sigself aanvaar as voldoende bewys dat hy alle redelike stappe gedoen het om die daad of versuim te voorkom nie.
- (2) Die bepalings van subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing in die geval van 'n lashebbër van enige werkgewer of gebruiker, behalwe as die partye skriftelik ooreengekom het oor die reëlings en prosedures om nakoming van die bepalings van hierdie Wet deur die lashebbër te verseker.
- (3) Wanneer enige werknemer of lashebbër van 'n werkgewer of gebruiker 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees as die werkgewer of so 'n gebruiker dit begaan, kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonnissen word asof hy die werkgewer of gebruiker was.
- (4) Wanneer enige werknemer of lashebbër van die Staat 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees as hy die werknemer of lashebbër van 'n werkgewer behalwe die Staat was en so 'n werkgewer daardie daad of versuim begaan het, kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind word asof hy so 'n werkgewer was.

- (5) Enige werknemer of lashebbër in subartikel (3) bedoel, kan benewens die werkgewer of gebruiker aldus skuldig bevind en gevonniss word.
- (6) Wanneer 'n werknemer of lashebbër van 'n werkgewer skuldig bevind word aan 'n misdryf wat bestaan uit 'n oortreding van artikel 23, moet die hof wanneer hy 'n bevel uit hoofde van artikel 38 (4) uitreik, dit teen die werkgewer uitreik en nie teen die werknemer of lashebbër nie.

### **38 Misdrywe, strawwe en spesiale hofbevele**

#### (1) Iemand wat-

- (a) 'n bepaling van artikel 7, 8, 9, 10 (1), (2) of (3), 12, 13, 14, 15, 16 (1) of (2), 17 (1), (2) of (5), 18 (3), 19 (1), 20 (2) of (4), 22, 23, 24 (1) of (2), 25, 26, 29 (3), 30 (2) of (6), 34 of 36 oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (b) 'n bepaling van 'n lasgewing of kennisgewing kragtens artikel 17 (6), 19 (4) of (7), 21 (1) of 30 (1) (a), (b) of (c) of (3), (4) of (6) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (c) 'n voorwaarde van 'n vrystelling kragtens artikel 40 (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (d) in enige rekord, aansoek, staat of ander stuk bedoel in hierdie Wet opsetlik inligting verstrek of 'n verklaring doen wat in 'n wesenlike opsig vals is;
- (e) 'n inspekteur by die verrigting van sy werksaamhede hinder of belemmer;
- (f) weier of versuim om na sy beste vermoë aan 'n vereiste of versoek wat 'n inspekteur by die verrigting van sy werksaamhede aan hom gestel het, te voldoen;
- (g) weier of versuim om na sy beste vermoë 'n vraag wat 'n inspekteur by die verrigting van sy werksaamhede aan hom gestel het, te beantwoord;
- (h) opsetlik aan 'n inspekteur inligting verstrek wat vals of misleidend is;
  - (i) hom as 'n inspekteur voordoen;
  - (j) nadat hy kragtens artikel 32 gedagvaar is om voor 'n inspekteur te verskyn, sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om op die dag en plek in die dagvaarding vermeld, aanwesig te wees of aanwesig te bly totdat die inspekteur hom van verdere aanwesigheid verskoon;
- (k) nadat hy kragtens artikel 32 opgeroep is, sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus)-
  - (i) weier om voor die inspekteur te verskyn;
  - (ii) weier om as getuie die eed af te lê of 'n bevestiging te doen nadat hy gelas is om dit te doen;
  - (iii) weier om 'n vraag wat aan hom gestel word, te beantwoord of versuim om so 'n vraag na sy beste wete en geloof te beantwoord; of
  - (iv) weier om te voldoen aan 'n vereiste om 'n boek, stuk of saak in die dagvaarding vermeld of wat hy by hom het, oor te lê;
- (l) hom met iemand bemoei of hom afskrik, dreig of mislei of op enige wyse



onbehoorlik beïnvloed met betrekking tot getuienis wat so 'n persoon voor 'n inspekteur kragtens artikel 32 moet aflê of met betrekking tot 'n boek, stuk of saak wat so iemand aldus aan 'n inspekteur moet oorlê;

- (m) die verrigtinge of bevindings van 'n ondersoek kragtens artikel 32 of 33 benadeel, beïnvloed of vooruitloop;
- (n) hom bemoei met of misbruik maak van enige veiligheidstoerusting wat deur 'n werkgewer of gebruiker geïnstalleer of aan 'n persoon verskaf is;
- (o) versuim om enige veiligheidstoerusting by 'n werkplek of in die loop van sy diens of in verband met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie te gebruik wat deur 'n werkgewer of gebruiker aan hom verskaf is;
- (p) opsetlik of op 'n roekelose wyse iets by 'n werkplek of in verband met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie doen wat die gesondheid of veiligheid van iemand bedreig,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

- (2) 'n Werkgewer wat 'n daad of versuim begaan wat veroorsaak dat iemand by 'n werkplek, of, in die geval van iemand wat by hom in diens is, by enige plek in die loop van sy diens, beseer word, of 'n gebruiker wat 'n daad of versuim in verband met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie begaan wat veroorsaak dat iemand beseer word, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie werkgewer of gebruiker, na gelang van die geval, ten opsigte van daardie daad of versuim aan die misdryf van strafbare manslag skuldig sou wees as daardie daad of versuim die dood van bedoelde persoon veroorsaak het, hetsy die besering tot die dood van so 'n persoon kon gelei het of nie, en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.
- (3) Wanneer iemand skuldig bevind word aan 'n misdryf wat bestaan uit 'n versuim om aan 'n bepaling van hierdie Wet of van 'n lasgewing of kennisgewing daarkragtens uitgereik, te voldoen, kan die hof wat hom skuldig bevind, benewens enige straf hom ten opsigte van daardie misdryf opgelê, 'n bevel uitreik waarin hy aangesê word om binne 'n tydperk deur die hof bepaal aan bedoelde bepaling te voldoen.
- (4) Wanneer 'n werkgewer skuldig bevind word aan 'n misdryf wat bestaan uit 'n oortreding van 'n bepaling van artikel 23, moet die hof wat hom skuldig bevind, ondersoek instel na en die bedrag bepaal wat strydig met bedoelde bepaling van die betrokke werknemer se beloning afgetrek of van hom gevorder is en daarop met betrekking tot die bedoelde bedrag *mutatis mutandis* ooreenkomstig artikels 28 en 29 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet 3 van 1983), optree asof daardie bedrag 'n onderbetaalde bedrag is ooreenkomstig die bedoeling van daardie artikels.

### 39 Bewys van sekere feite

- (1) Wanneer by enige geregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet bewys word dat 'n persoon teenwoordig was op of in enige perseel, word daardie persoon, tensy die teendeel bewys word, vermoed 'n werknemer te wees.
- (2) By ontstentenis van bevredigende bewys van ouderdom, word die ouderdom van 'n persoon, by enige geregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet, vermoed die ouderdom te wees wat deur 'n inspekteur verklaar word na sy mening die waarskynlike ouderdom van daardie persoon te wees; maar enige belanghebbende persoon wat ontevrede is met daardie verklaring kan, op eie koste, vereis dat die persoon wie se ouderdom ter sprake is, voor 'n distriksgeneesheer verskyn en deur hom ondersoek word, en 'n verklaring vervat in 'n sertifikaat deur die distriksgeneesheer wat daardie persoon ondersoek het, aangaande wat volgens sy mening die waarskynlike ouderdom van daardie persoon is, is afdoende bewys van die ouderdom van daardie persoon, dog slegs vir die doel van bedoelde verrigtinge.
- (3) By enige geregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet is 'n verklaring of inskrywing wat voorkom in enige boek of stuk wat deur 'n werkgewer of gebruiker of deur sy werknemer of lashebber gehou word, of wat gevind word op of in enige perseel wat deur daardie werkgewer of gebruiker geokkupeer of gebruik word, en enige afskrif of reproduksie van sodanige verklaring of inskrywing, toelaatbaar as getuienis teen hom as 'n erkenning van die feite in daardie verklaring of inskrywing uiteengesit, tensy bewys word dat daardie verklaring of inskrywing nie deur daardie werkgewer of gebruiker of deur enige werknemer of lashebber van daardie werkgewer of gebruiker binne die bestek van sy bevoegdheid gemaak is nie.
- (4) Wanneer by enige geregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet bewys word dat 'n onware verklaring of inskrywing voorkom in 'n rekord wat deur iemand gehou is, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat hy daardie aantekening opsetlik vervals het.
- (5) (a) Wanneer daar by die verhoor van iemand op aanklag van 'n oortreding van artikel 22 bewys word dat die beskuldigde enige artikel, substansie, bedryfstoeusting, masjinerie of gesondheids- en veiligheidstoeusting verkoop of bemark het soos in daardie artikel bedoel, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat daardie artikel, substansie, bedryfstoeusting, masjinerie of gesondheids- en veiligheidstoeusting ten tyde van die verkoop of bemarking daarvan nie aan bedoelde vereistes voldoen het nie.  
(b) By sodanige verhoor word 'n geskrif wat 'n sertifikaat of verklaring heet te wees van 'n goedgekeurde inspeksie-owerheid en waarin beweerd word dat die artikel, substansie, bedryfstoeusting, masjinerie of gesondheids-

en veiligheidstoerusting wat die onderwerp van die aanklag uitmaak aan die vereistes wat ten opsigte daarvan voorgeskryf is of aan 'n bepaalde standaard voldoen, by blote voorlegging daarvan by daardie verhoordeur of namens die beskuldigde, as *prima facie*-bewys aanvaar van die feite daarin vermeld.

- (6) Ondanks die bepalings van artikel 31 (3) van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet 29 van 1993), wanneer by enige geregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet die vraag ontstaan of een of ander geskrif die teks bevat van 'n gesondheids- en veiligheidsstandaard wat kragtens artikel 44 by die regulasies ingelyf is, word 'n geskrif wat 'n verklaring heet te wees van iemand wat in die verklaring beweer dat hy 'n inspekteur is en dat 'n bepaalde geskrif bedoelde teks bevat, by blote voorlegging daarvan by sodanige verrigtinge deur enigiemand, as *prima facie*-bewys van die feite daarin vermeld, aanvaar.
- (7) Die aantekeninge wat 'n gesondheids- en veiligheidskomitee ingevolge artikel 20 (2) moet hou, met inbegrip van 'n stuk wat gesertifiseer heet te wees deur 'n inspekteur as 'n ware uittreksel uit sodanige aantekeninge, is by blote voorlegging daarvan by enige geregtelike verrigtinge deur enige persoon, toelaatbaar as getuienis van die feit dat 'n aanbeveling of aanmelding in daardie aantekeninge opgeteken, deur 'n gesondheids- en veiligheidskomitee aan 'n betrokke werkgewer of inspekteur gedoen is.

#### **40 Vrystellings**

- (1) Die Minister kan, vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy bepaal, enige werkgewer of gebruiker of kategorie werkgewers of gebruikers, in die algemeen of met betrekking tot 'n bepaalde werknemer of kategorie werknemers of gebruikers of met betrekking tot die een of ander aangeleentheid, vrystel van enige van of al die bepalings van hierdie Wet of die bepalings van 'n kennisgewing of lasgewing kragtens hierdie Wet uitgereik.
- (2) Die tydperk waarvoor vrystelling kragtens subartikel (1) verleen word, kan op 'n vroeër datum begin as dié waarop die vrystelling verleen word, maar nie vroeër as die datum waarop daar by die Minister aansoek om sodanige vrystelling gedoen is nie.
- (3) 'n Vrystelling kragtens subartikel (1) word-
  - (a) in die geval van die vrystelling van 'n bepaalde werkgewer of gebruiker, verleen deur die uitreiking aan die werkgewer of gebruiker van 'n vrystellingssertifikaat waarin sy naam en die bestek, tydperk en voorwaardes van die vrystelling vermeld word;
  - (b) in die geval van die vrystelling van 'n kategorie werkgewers of van 'n kategorie van bedoelde gebruikers, verleen deur die publikasie van 'n

kennisgewing in die *Staatskoerant* waarin daardie kategorie werkgewers of gebruikers beskryf en die bestek, tydperk en voorwaardes van die vrystelling vermeld word:

Met dien verstande dat die Minister vrystelling-

- (i) aan 'n organisasie van werkgewers of 'n organisasie van gebruikers kan verleen ooreenkomstig die voorskrifte van of paragraaf (a) of paragraaf (b);
  - (ii) van 'n gesondheids- en veiligheidstandaard wat kragtens artikel 44 by die regulasies ingelyf is, kan verleen op enige wyse wat hy dienstig ag.
- (4) 'n Vrystellingsertifikaat beoog in subartikel (3) (a) en 'n kennisgewing beoog in subartikel (3) (b) kan te eniger tyd deur die Minister gewysig of ingetrek word.
- (5) 'n Vrystelling kragtens subartikel (1) verval-
- (a) by verstryking van die tydperk waarvoor dit verleen is;
  - (b) by die intrekking van die betrokke sertifikaat of kennisgewing kragtens subartikel (4).
- (6) 'n Vrystelling verleen kragtens artikel 32 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), in die mate waarin dit vrystelling verleen van die werking van 'n bepaling soortgelyk aan 'n bepaling ten opsigte waarvan vrystelling kragtens subartikel (1) van hierdie artikel verleen kan word, welke vrystelling by die inwerkingtreding van hierdie Wet nie verval het nie soos beoog in subartikel (5) van genoemde artikel 32, word geag kragtens hierdie artikel verleen te gewees het.

#### **41 Hierdie Wet nie geraak deur ooreenkomste**

Behoudens die bepalings van artikels 10 (4) en 37 (2) word 'n bepaling van hierdie Wet of 'n voorwaarde vermeld in 'n kennisgewing of lasgewing daarkragtens uitgereik of waarop vrystelling aan iemand kragtens artikel 40 verleen is, nie geraak deur 'n voorwaarde van 'n ooreenkoms nie, hetsy so 'n ooreenkoms aangegaan is voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet of voor of na die oplegging van so 'n voorwaarde, na gelang van die geval.

#### **42 Delegering en opdra van werksaamhede**

- (1) Die Minister kan 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan hom verleen, behalwe 'n bevoegdheid in artikel 43 beoog, aan 'n beampete delegeer.
- (2) 'n Delegering kragtens subartikel (1) belet nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die Minister self nie.
- (3) Die Minister kan 'n provinsiale administrasie of plaaslike owerheid magtig om enige werksaamheid in hierdie Wet bedoel, te verrig.
- (4) 'n Magtiging kragtens subartikel (3) belet nie die Minister, die

hoofinspekteur of 'n inspekteur, na gelang van die geval, om die betrokke werksaamheid te verrig nie.

### 43 Regulasies

- (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig-
  - (a) betreffende enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;
  - (b) wat na die oordeel van die Minister nodig of wenslik is in belang van die gezondheid en veiligheid van persone by die werk of die gezondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoeusting of masjinerie, of die beskerming van ander persone as persone by die werk, teen gesondheids- en veiligheidsrisiko's wat ontstaan uit of verband hou met die bedrywighede van persone by die werk, met inbegrip van regulasies betreffende-
    - (i) die beplanning, uitleg, konstruksie, gebruik, verandering, herstel, onderhoud of sloping van geboue;
    - (ii) die ontwerp, vervaardiging, konstruksie, installering, werking, gebruik, hantering, verandering, herstel, onderhoud of vervoer van bedryfstoeusting, masjinerie of gesondheids- en veiligheidstoeusting;
    - (iii) die opleiding, veiligheidstoeusting of fasiliteite wat deur werkgewers of gebruikers verskaf moet word, die persone aan wie en die omstandighede waarin dit verskaf moet word en die aanwending daarvan;
    - (iv) die gesondheids- of veiligheidsmaatreëls wat deur werkgewers of gebruikers getref moet word;
    - (v) die maatreëls aangaande beroepshigiëne wat deur werkgewers of gebruikers getref moet word;
    - (vi) enige aangeleentheid met betrekking tot die biologiese monitering of mediese waaktoesig van werknemers;
    - (vii) die produksie, prosessering, gebruik, hantering, opberging of vervoer van, en die blootstelling van werknemers en ander persone aan, gevaarlike artikels, substansies of organismes of potensieel gevaarlike artikels, substansies of organismes, met inbegrip van spesifieke limiete, drempels of aanduidings van of vir sodanige blootstelling;
    - (viii) die verrigting van werk in toestande of omstandighede wat gevaarlik of potensieel gevaarlik is;
    - (ix) die noodhulptoeusting en geneeskundige middels wat deur werkgewers en gebruikers beskikbaar gehou moet word, die plekke waar sodanige toerusting en middels gehou moet word, die vereistes waaraan sodanige toerusting en middels moet voldoen, die inspeksie van sodanige toerusting en middels, die toepassing van noodhulp en die kwalifikasies wat persone wat noodhulp toepas, moet hê;
    - (x) die opstel van gesondheids- en veiligheidsvoorskrifte ten opsigte

- van 'n werkplek deur werkgewers, die aangeleentheid wat in sodanige voorskrifte behandel moet word en die wyse van bekendstelling van sodanige voorskrifte aan werknemers en ander persone by so 'n werkplek;
- (xi) die registrasie van persone wat gevaarlike werk verrig of bedryfstoerusting of masjinerie gebruik of hanteer, die kwalifikasies wat sodanige persone moet besit, en die gelde wat ten opsigte van sodanige registrasie aan die Staat betaalbaar is;
  - (xii) die akkreditering, funksies, pligte en bedrywighede van goedgekeurde inspeksie-owerhede;
  - (xiii) die onderhandelinge tussen 'n werkgewer en werknemers betreffende gesondheids- en veiligheidsaangeleentheid;
  - (xiv) behoudens artikel 36, die verskaffing van inligting betreffende enige saak wat met hierdie Wet verband hou, deur 'n werkgewer of gebruiker aan werknemers of die publiek;
  - (xv) die omstandighede waarin 'n werkgewer verbied word om iemand toe te laat om op of in enige perseel waar 'n bepaalde bedrywigheid uitgevoer word, te eet of te rook;
  - (xvi) die toestande waaronder die vervaardiging van ontplofbare stowwe en enige verwante bedrywigheid mag plaasvind;
- (c) betreffende die voorkomende en beskermende maatreëls vir hoërisiko-installasies met die oog op die beskerming van werknemers en die publiek teen die risiko van ernstige voorvalle;
  - (d) betreffende die registrasie van persele waar werknemers werk verrig of bedryfstoerusting of masjinerie gebruik word en die geld wat ten opsigte van sodanige registrasie aan die Staat betaalbaar is;
  - (e) waarby voorsiening gemaak word vir die voortsetting van enige registrasie ingevolge hierdie Wet;
  - (f) betreffende die registrasie van bedryfstoerusting en masjinerie en die geld wat ten opsigte van sodanige registrasie aan die Staat betaalbaar is;
  - (g) betreffende die instelling van een of meer komitees vir die uitvoering van 'n bepaling van die regulasies, die samestelling van die komitees, die werksaamhede van die komitees, die prosedure wat op vergaderings van die komitees gevolg moet word, die toelaes wat uit geld deur die Parlement vir dié doel bewillig aan lede van die komitees betaal kan word en die persoon deur wie sodanige toelaes vasgestel moet word;
  - (h) waarby voorgeskryf word die rekords wat gehou moet word en die opgawes wat verstrekk moet word deur werkgewers en gebruikers en die persoon of persone aan wie sodanige opgawes verstrekk moet word;
  - (i) betreffende die aanwysing en werksaamhede van gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers en gesondheids- en veiligheidskomitees en die opleiding van gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers;
  - (j) betreffende die bedrywighede van persone in eie diens; en
  - (k) betreffende enige ander aangeleentheid waarvan die reëling na die oordeel van die Minister nodig of wenslik is vir die doeltreffende

uitvoering van die bepalings van hierdie Wet.

- (2) Geen regulasie word deur die Minister uitgevaardig nie behalwe na oorleg met die Raad, en geen regulasie wat betrekking het op staatsinkomste of-uitgawe of op 'n gesondheidsaangeleentheid word deur die Minister uitgevaardig nie behalwe na oorleg ook met onderskeidelik die Minister van Staatsbesteding en die Minister vir Nasionale Gesondheid en Welsyn.
- (3) By die uitvaardiging van regulasies kan die Minister enige grondslag van differensiasie wat hy raadsaam ag, toepas: Met dien verstande dat geen differensiasie op grond van ras of kleur gemaak mag word nie.
- (4) 'n Regulasie kan ten opsigte van enige oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen, 'n straf voorskryf van 'n boete, of gevangenisstraf wat 'n tydperk van 12 maande nie te bowe gaan nie, en, in die geval van 'n aanhoudende misdryf, wat nie 'n bykomende boete van R200 of bykomende gevangenisstraf van een dag vir elke dag waarop die misdryf voortduur, te bowe gaan nie: Met dien verstande dat die duur van sodanige bykomende gevangenisstraf in geen geval 90 dae oorskryf nie.
- (5) 'n Regulasie uitgevaardig kragtens artikel 35 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag was en kragtens hierdie artikel uitgevaardig sou kon word, word geag kragtens hierdie artikel uitgevaardig te gewees het.

#### **44 Inlywing van gesondheids- en veiligheidstandaarde by regulasies**

- (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige gesondheids- en veiligheidstandaard of deel daarvan, sonder om die teks daarvan te vermeld, by die regulasies inlyf by wyse van 'n blote verwysing na die nommer, titel en jaar van uitreiking van daardie gesondheids- en veiligheidstandaard of na die ander besonderhede waardeur daardie gesondheids- en veiligheidstandaard voldoende geïdentifiseer word.
- (2) Geen gesondheids- en veiligheidstandaard word by die regulasies ingelyf nie behalwe na oorleg met die Raad.
- (3) 'n Gesondheids- en veiligheidstandaard kragtens subartikel (1) by die regulasies ingelyf, word by die toepassing van hierdie Wet, vir sover dit nie strydig is met enige regulasie kragtens artikel 43 uitgevaardig nie, geag 'n regulasie te wees, maar nie voor verloop van 'n tydperk van twee maande vanaf die datum van inlywing daarvan nie.
- (4) Wanneer 'n gesondheids- en veiligheidstandaard te eniger tyd na die inlywing daarvan soos voormeld, deur die bevoegde owerheid gewysig of vervang word, word die kennisgewing wat daardie gesondheids- en

veiligheidsstandaard inlyf, tensy anders daarin bepaal, geag te verwys na daardie gesondheids- en veiligheidstandaard soos aldus gewysig of vervang, na gelang van die geval.

- (5) Die hoofinspekteur moet 'n register hou van besonderhede van elke publikasie waarin 'n gesondheids- en veiligheidstandaard wat kragtens subartikel (1) by die regulasies ingelyf is, en elke wysiging of vervanging van sodanige gesondheids- en veiligheidstandaard, gepubliseer is, en ook van die plek in die Republiek waar sodanige publikasie verkrygbaar is of andersins ingesien kan word, en hy moet daardie register of uittreksel daaruit kosteloos aan belanghebbende persone ter insae beskikbaar stel.
- (6) Die bepalings van artikel 31 van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet 29 van 1993), is nie op 'n inlywing van 'n gesondheids- en veiligheidstandaard kragtens hierdie artikel van toepassing nie.
- (7) 'n Veiligheidsstandaard wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens artikel 36 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), ingelyf was by die regulasies kragtens daardie Wet uitgevaardig, word geag 'n gesondheids- en veiligheidstandaard te wees wat kragtens hierdie artikel ingelyf is.

#### **45 Betekening van kennisgewings**

Tensy 'n ander metode bepaal word, word 'n kennisgewing kragtens hierdie Wet beteken-

- (a) deur 'n afskrif daarvan te oorhandig aan die persoon aan wie dit beteken moet word;
- (b) deur sodanige afskrif by sodanige persoon se gewone of jongsbekende woon- of sakeplek te laat; of
- (c) deur sodanige afskrif per aangetekende pos na sodanige persoon se gewone of jongsbekende woon- of sakeplek te stuur.

#### **46 Regsbevoegdheid van landdroshowe**

Ondanks andersluidende wetsbepalings-

- (a) is 'n landdroshof regsbevoeg om enige straf op te lê of om enige bevel uit te reik waarvoor hierdie Wet voorsiening maak;
- (b) is geen landdroshof bevoeg om 'n oordeel uit te spreek oor die regsgeldigheid van enige regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig nie.

#### **47 Staat gebonde**

Hierdie Wet bind die Staat.



#### **48 Botsing van bepalings**

Vir sover 'n bepaling van die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet 26 van 1956), met 'n bepaling van hierdie Wet strydig is, geld die bepalings van hierdie Wet.

#### **49 Herroeping van wette**

Die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), die Wysigingswet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1989 (Wet 40 van 1989), en die Wysigingswet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1991 (Wet 97 van 1991), word hierby herroep.

#### **50 Kort titel en inwerkingtreding**

- (1) Hierdie Wet heet die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.
- (2) Verskillende datums kan aldus ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

### **WYSIGINGSWET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID 181 VAN 1993**

[GOEDGEKEUR OP 14 DESEMBER 1993] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 JANUARIE 1994]  
(*Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken*)

#### **WET**

**Tot wysiging van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993, ten einde seker uitdrukkings te omskryf; die samestelling van die Adviesraad vir Beroepsgesondheid en Veiligheid verder te reël; die plig om nie met voorwerpe in te meng of dit te misbruik nie verder te reël; die aanstelling en werksaamhede van gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers verder te reël; die voorbehoudsbepaling met betrekking tot sekere aftrekkings te skrap; voorsiening te maak dat 'n werknemer ingelig moet word van 'n beroepsiekte wat hy opgedoen het; en die verbod op viktimisasie verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**1** Wysig artikel 1 (1) van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993, soos volg: paragraaf (a) voeg die omskrywing van "vakvereniging" in; en paragraaf (b) voeg die omskrywing van "werkgewersorganisasie" in.

**2** Wysig artikel 4 (1) van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 deur paragrawe (f) en (g) te vervang.

**3** Vervang artikel 15 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993.

**4** Wysig artikel 17 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 deur subartikels (2) en (3) te vervang.

**5** Wysig artikel 18 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 deur subartikel (2) te vervang.

**6 en 7** Vervang onderskeidelik artikels 23 en 25 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993.

**8** Wysig artikel 26 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid 85 van 1993 deur subartikel (2) by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word.

**9 Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993, en tree in werking op 1 Januarie 1994.